# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (22/14)

*Justin Chadwick (13 Junie 2014)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "Don' wish it were easier- wish you were better" Jim Rohn***

## VERBINTENIS TOT NAKOMING

Tian Schutte berig dat Francois Dillman, 'n produsent, van Messina tot Nelspruit met sitrusmonsters gevlieg het om vir CBS getoets te word. Hy was bekommerd oor sy pakkery vir die EU. Hy het om 10:00 geland en sy monsters vir toetsing ingehandig en het sy resultate om 16:30 ontvang. Dit is nou ware verbintenis tot nakoming van die regulasies!!!

Francois het ook lof vir die vinnige hantering van die vrugte deur CRI gehad: *Ek wil net aan Tiaan sê dat dit baie waardeer word dat hulle so vinnig aandag aan die situasie gegee het. Dit is alles goed en wel dat die produsent moeite doen, maar goed om te sien dat CRI ook hulle kant bring. Die spoedigheid waarteen hierdie resultate deurgegee was, het ons instaat gestel om goed ingeligte besluite te neem en kostes aan herverpakking is tot 'n minimum gehou.*

## VERGADERINGS OOR CITRUS BLACK SPOT

Deon Joubert en Vaughan Hattingh het aangedui dat die vergaderings in die Oos-Kaap goed bygewoon is en dat uitstekende uitruiling van inligting plaasgevind het. Volgende week verskuif die fokus na die Noorde met vergaderings op Dinsdag 17 Junie by Birchwood Hotel en Konferensie Sentrum (naby OR Tambo Internasionaal). Hierdie vergadering is oop vir alle belanghebbendes van die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf en is daarop gemik om alle kwessies rondom CBS en uitvoere na die EU te verduidelik. Die agenda sal die volgende insluit: agtergrond oor die bedryf (vir diegene wat nie bekend is met die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf nie); die belang van die EU-mark; agtergrond oor die CBS-kwassie en hoe ons gevorder het tot waar ons, ons nou bevind; die Suid-Afrikaanse "risk management system", die regulerende rol van die regering; die bedryf se verbintenis tot nakoming van die regulasies; die wetenskaplike dispuut; die opsies om die dispuut te besleg en die strewe na alternatiewe markte. Produsente is welkom om hul diensteverskaffers te nooi om dit by te woon (bankiere, verskaffers, vervoerkontrakteurs, ens) – asseblief rsvp gloria@cga.co.za ). Hierdie vergadering sal deur vergaderings in die Noorde gevolg word; Woensdag 18 Junie om 08:00 in **Groblersdal** (Rosle Boerdery); dieselfde dag om 17:00 by **Limpoporivier** streek (Noordgrens Lapa); dan op Donderdag 19 Junie om 10:00 in **Letsitele** (The Junction) en dieselfde dag om 15:00 by **Hoedspruit** (Die Hengel Klub). Die laaste vergadering sal in **Nelspruit** wees op Vrydag 20 Junie om **09:00** (neem kennis van die verandering) by CRI. **ASSEBLIEF RSVP AAN gloria@cga.co.za .**

## ETHEPHON TOETSING

DAFF is nou besig met ethephon toetse in die boorde. Soos met enige nuwe sisteem is daar groeipyne; as produsente nou saam met die inspekteurs werk kan dit oorkom word. DAFF moet 8 000 boorde in die volgende 4 tot 6 weke inspekteer – met 'n span van 15 inspekteurs wat 5 dae 'n week werk. Dit het tot gevolg dat 16 boorde per dag gedoen moet word; 'n taak wat die inspekteurs net kan doen met die nodige ondersteuning. 'n "Grower advisory" is uitgestuur wat die besonderhede weergee oor wat verlang word en die proses wat gevolg moet word, insluitend:

- Produsente moet DAFF inlig dat hul toetse benodig – betyds om te verhoed dat EU-pakkery ontwrig word.
- Sitrus geklassifiseer as "ander lemoene" (dws nie nawels nie) moet getoets word.
- Produsente moet 5 tot 10 werkers beskikbaar hê om die inspekteur van hulp te wees.
- Daar is steeds kommer oor die beskikbaarheid van stoorplekke – produsente moet genoegsame stoorplek in 'n streek beskikbaar stel vir alle boorde wat geteoets word.
- Help DAFF deur die monsters van die boord na die stoorplek te vervoer.
- Help DAFF om aksies in 'n streek te koördineer – dit kan deur die studiegroepe gedoen word of deur 'n persoon te idenfiseer wat bekend is met die streek om die taak uit tevoer. Dit sal onnodige reis verminder.

## GEPAK EN VERSKEEP

Die **Pomelo** Fokusgroep het die voorspelling van die hul volumes vir 2014 verder verminder. Met 2/3 van die pomelo's wat gepak is waarvan die helfte van die produk na N-Europa (2013 39%; 2014 34%) & Japan (2013 20%; 2014 21%) verskeep is. Nadat groot volumes na Rusland verskeep in week 17 is het uitvoerders ag geslaan op die oproep om terug te sny op die mark omdat dit goed voorsien is (2013 13%; 2014 9%). Die **suurlemoenmarkte** bly goed met die meeste wat na die Midde-Ooste (2013 44%; 2014 39%) en Rusland (2013 24%; 2014 19%) gestuur is. Verskepings van suurlemoene na die Verre-Ooste in die eerste gedeelte van die seisoen het die vlakke van 2013 oortref (2013 5%; 2014 15%). **Nawel** uitvoere is besig om toe te neem – soos met suurlemoene was daar 'n aanvanklike belangstelling in die Verre-Ooste (2013 1%; 2014 15%); ten koste van Rusland (2013 25%; 2014 9%). Die dominante markte vir nawels is die Midde-Ooste (2013 27%; 2014 33%) en N Europa (2013 22%; 2014 18%). Soos gewoonlik is die meeste **sagte sitrus** na die VK (2013 53%; 2014 44%), N Europa (2013 24%; 2014 23%) en Rusland (2013 12%; 2014 10%) gestuur.

| Tot Week 24 **Miljoen 15 Kg Kartonne** | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bron: PPECB** | 2012 | 2013 | 2014 | 2013 | 2014 | 2014 | 2014 | 2013 |
| Pomelo's | 8 m | 11 m | 9.7 m | 8.4 m | 7.6 m | 16.5 m | 14.4 m | 17.9 m |
| Sagte Sitrus | 4.5 m | 4.4 m | 5.1 m | 3.7 m | 4 m | 9.2 m | 9.3 m | 8.4 m |
| Suurlemoene | 4.4 m | 6 m | 6.7 m | 5.1 m | 5.5 m | 12.1 m | 12.3 m | 10.6 m |
| Nawels | 9.2 m | 8.4 m | 7.3 m | 4.3 m | 3.8 m | 25.8 m | 25.8 m | 25.4 m |
| Valencias | 1 m | 0.8 m | 0.6 m | 0.2 m | 0.2 m | 49.5 m | 49.5 m | 51.4 m |
| Totaal | 27.1 m | 30.6 m | 29.4 m | 21.7 m | 21.1 m | 113.1 m | 111.3 m | 113.7 m |